# Die Uitbeelding van die Dier in die Veld in ons Skilderkuns

deur

I. V. POLS

DIE bespreking van die uitbeelding van die dier in die veld as motief in die Suid-Afrikaanse skilderkuns, is 'n onderwerp wat die ondersoeker in aanraking bring met een van die mees eie, kenmerkende elemente van die veldlewe van ons land. Tog val dit op, dat die diermotief deur slegs 'n klein aantal kunstenaars in hulle beeldende werke om suiwer estetiese redes aangewend is.

Vandag is dit moeilik om Suid-Afrika tydens vroeër jare, met ontelbare troppe wildediere in onbegrensde vlaktes, voor te stel. Gelukkig is daar in die vorige eeu wel skattings van troppe springbokke gemaak. S. C. Cronwright-Schreiner, Olive Schreiner se eggenoot, het een van die laaste van hierdie groot trekke in 1895 gesien. Saam met twee boere het hy 'n skatting van die ontsaglike trop gemaak. Daar was volgens hulle mening 10 miljoen diere op trek; 500,000 was in sig, maar die trop het nog buite gesig vir 138 myl gestrek en was 15 myl wyd. Mnr. T. B. Davies wat vir 50 jaar in die Karoo gebly het, het dergelike trekke 'n paar keer gesien. Sy skatting, saam met die van dr. Gibbons, van 'n trop in 1888 was 100 miljoen. Behalwe die springbokke was daar natuurlik ook talle ander wildsoorte.

Vandag is die dae vir die grootwildjagter al verby, en word die noodsaaklikheid vir die beskerming van Suid-Afrika se ryk fauna en flora gelukkig baie ernstig besef. Wat van daardie rykdom vir ons nog oor is moet ons beskerm; en ook vir die kunstenaar is daar 'n bydrae wat hy in hierdie verband kan maak.

Ons oorsig is hier meer beperk tot die uitbeelding van die wildedier in die Suid-Afrikaanse skilderkuns en bepaal hom daarom by die Suid-Afrikaanse wildedier.

## *PREHISTORIESE EN BOESMANKUNS*

DIE wildedier was werklik deel van die vroeë primitiewe kunstenaars se daaglikse lewe. Hulle het self so na aan die natuur geleef, dat hulle net soos die diere van die veld deel daarvan gevorm het. Daarom was die voorwerp van hul kuns vir hulle werklikheid. Ons voel in baie van hierdie vroeë kunswerke 'n sterk verwantskap tussen mens en dier aan. Hierdie verwantskapsgevoel het 'n groot invloed op sommige van ons hedendaagse kunstenaars gehad. Vergelyk hier maar die skilderytjie „The Young Fawn" deur Walter Battiss.

Onder die prehistoriese kunste kan daar duidelik tussen twee absoluut verskillende tipes met hul verskillende tegnieke onderskei word, naamlik die graveerkuns en die skilderkuns.

Terwyl daar min rotsgraverings in Rhodesië voorkom, is die rykste area van graverings in Suidwes-Transvaal. Die streek met rotsskilderye omring eintlik hierdie ryk area van rotsgraverings. Soos Battiss dit eens uitgedruk het, lê die graverings soos 'n volstruiseier in die ruwe nes van rotsskilderinge.

Walter Battiss deel die rotsgraverings en -skilderinge eintlik in drie verskillende periodes: 'n Vroeë, 'n Middel en 'n Laaste periode. In beide, die graverings en skilderinge, lewer die Middel-periode egter die beste werk op. By die rotsskilderinge vind ons in hierdie periode die ontdekking van die derde dimensie en van die weergawe van verkorting en perspektief in die skildering.

Die Laaste periode van graverings en skilderinge is volgens Battiss dan die besondere tydperk van die Boesmankuns. Dié kuns staan heeltemal apart van die Vroeë of Middel-periodes en moet ook nie as verval daarvan beskou word nie. Die Boesmankuns is meer vol aksie en beweeglikheid en hulle verkies ook kleiner diersoorte as onderwerp, byvoorbeeld die bobbejaan en volstruis teenoor die vroeëre eland. By die Boesman-skilders sien ons ook dat die klem van die dier na die mens skuif; en in die meeste gevalle die aktiewe mens.

Battiss het in hierdie twee tegnieke al twee sogenaamde „Meesters" ontdek. Van die graveerder, die „Meester van Hartsrivier", is daar slegs enkele graverings in die Hartsriviervallei ontdek. Vergelyk die eland soos hier weergegee as 'n voorbeeld van sy werk. Die uitstaande kunstenaar van die rotsskilderinge is



*„Meester van Hartsriviervallei". Rotsgravering van 'n Eland (Ou Transvaalse Museum).*

die sogenaamde „Meester van Cedarville”. Dié kunstenaar het pragtige voorbeelde van die eland in verskillende posisies uitgebeeld; ook een bok wat reg van agter gesien word.

In die rotskuns van Suid-Afrika is daar al 'n groot verskeidenheid van onderwerpe aangetref, waarvan die meeste egter diere is. Feitlik alle soorte diere is reeds in hierdie kunswerke ontdek. Alle soorte bokke kom voor, waarvan die eland, die grootste en vetste van al die bokke, die meeste uitgebeeld is. Ander bokke is: hartbees, koedoe, gemsbok en springbokke. Voorbeelde van olifante kom ook dikwels voor. Effens skaarser is renosters en seekoeie. Selfs die kwagga, sebra en kameelperd is taamlik verteenwoordig. Daar is baie voorbeelde van kleiner diere soos wilde bere, ape, bobbejane verskillende soorte jakkalse en hase te sien.

Van die roofdiere is die luiperd die beste verteenwoordig. Ook huisdiere het in die Laaste periode hul verskyning gemaak.

Die diere-skilderinge en graverings het vir hierdie vroeë kunstenaars soos reeds gesê, meer as net skeppende waarde gehad. Dit was vir hulle deel van hul daaglikse lewe.

Alhoewel daar van ons hedendaagse kunstenaars deur hierdie ou werke beïnvloed word, is daar tog 'n onoorkombare brug tussen die primitiewe skilders van die wildedier en die vroeë blanke kunstenaars.

## *DIE SUID-AFRIKAANSE WILDEDIER IN DIE TEKEN-, ILLUSTREER- EN SKILDERKUNS VAN BLANKES VOOR EN TOT 1900*

### *A. Die Kunstenaars wat die diere-motief aangewend het.*

UIT meer as vierhonderd kunstenaars van voor 1875[1] was daar maar 'n klein persentasie wat die wildedier as onderwerp uitgebeeld het. Alhoewel daar van die mense was wat groot talent besit het, kry ons tog veral te doen met reisigers, wetenskaplikes of jagters wat meer net hulle geskrifte of verhale geïllustreer het, of dit deur ander laat doen het.

As diereskilder en -tekenaar is Thomas Baines seker die grootste van hierdie tydperk.

Die feit dat net 'n geringer aantal van die vroeëre kunstenaars die wildedier uitgebeeld het, is belangrik. Ons vind dat hulle veeleer die inboorlingstamme van Suid-Afrika, bo die diere as onderwerpe in hul kuns verkies het. Ek kan aan twee moontlike redes hiervoor dink. Die eerste is dat die Bantoestamme as vreemde menstipe vir die vroeë besoekers baie interessant moes gewees het. Die tweede rede hang meer saam met die talent van hierdie vroeë kunstenaars, by wie meeste die kunsaanleg nie hoog ontwikkel was nie. Die Bantoefigure kon dan vir ure sit en poseer terwyl die wildedier 'n veel moeiliker studie-onderwerp was.

(1) A. Gordon-Brown: „Pictorial Art in South Africa during three centuries to 1875' Aanvulling in „Africana Aantekeninge en Nuus”, dl. 12, no. 7, bl. 229-269.

Een van die vroegste kunstenaars wat die diere-motief aangewend het is seker Heinrich Claudius wat 80 gekleurde tekeninge gemaak het vir die joernaal van Simon van der Stel se ekspedisie na Namakwaland (1685-6).

Vanaf die vroegste jare het beroemde wetenskaplikes, veral Sweedse, in die ryk fauna en flora van Suid-Afrika belang gestel. So het A. Sparrman, gedurende die 18de eeu, en Wahlberg en Andersson gedurende die 19de eeu, 'n belangrike rol gespeel by die uitbeelding en versameling van ons wildediere.

Ander persone wat ook die wildedier as onderwerp in hul kuns uitgebeeld het is o.a. luitenant William Paterson (1755 — 1810); die Franse ornitoloog, Francois Le Vaillant; Samuel Daniell (1775 — 1811); van wie die Transvaal-Museum, Paul Krugerstraat, 'n boek besit met uitstekende kleurplate: Daniell se „African Scenery and Animals"; William John Burchell (1781 — 1868), met sy bekende boek „Travels in the Interior of Southern Africa"; dan die twee kunstenaars James Wolf en J. B. Zwecker wat, vir die illustrasies van „African Hunting" deur W. C. Baldwin, verantwoordelik is; Charles Davidson Bell (1813 — 1882); Thomas William Bowler; Kaptein W. Cornwallis Harris, skrywer van „Portraits of Game and Wild Animals of Southern Africa"; en dan die grootste skilder van wildediere uit daardie tyd, John Thomas Baines.

Baines was ongetwyfeld die produktiefste kunstenaar van die vorige eeu in Suid-Afrika. Sy sketsboeke, lossketse, waterverftekeninge en olieverfskilderye bedra etlike honderde. Stormende renosters, hardlopende springbokke en kwaggas, alles lewe in sy kleurvolle skilderye (vergelyk die versameling in die Transvaalse Argief, Pretoria). Sy nalatenskap is vir ons van groot waarde.

Die volgende twee, Roualeyn Gordon Cumming en kaptein H. Butler, het net na Suid-Afrika gekom om hier te jag. Hulle het hul jag- en avontuur-verhale te boek gestel en self geïllustreer.

George French Angas (1822-86) was een van die laaste wildedierkunstenaars van die vorige eeu.

Daar is nog ander name wat genoem kan word soos die van C. P. Thunberg, kolonel R. Jacob Gordon, Alfred Ryder, George H. Ford en Heinrich Heiner Egersdorfer.

*B. Die diersoorte wat deur hierdie vroeë kunstenaars uitgebeeld is:*

Wat opval by die skilderye wat gemengde groepe diere uitbeeld, is dat hulle oorwegend jagtonele is. Die diere in daardie dae was baie volop en dit is dus natuurlik dat daar meer as een soort dier in dieselfde voorbeeld verbeeld sou word. Daar is verskillende soorte diere wat feitlik verkies om in gemengde groepe saam te wei. Ek dink hier veral aan die sosiaalgeaarde blouwildebees en sebra. In baie van die vroeë werke, soos die van Baines, Butler en Harris, vind ons hierdie twee soorte diere saam in een trop.

Die sebra met sy swart-en-wit gestreepte voorkoms was in daardie tyd, net soos vandag nog, baie volop. Dit is een van die diere wat die meeste deur die vroeë kunstenaars uitgebeeld is.

Een van die aantreklikste van alle boksoorte in die wêreld wat in sierlikheid van vorm deur baie min geëwenaar word, is seker die swartwitpens. Die beste

skildery van hierdie boksoort is miskien die kleurvolle weergawe van die diere-skilder James Wolf. Vergelyk 'n voorbeeld hiervan in Baldwin se „African Hunting". Cornwallis Harris het ook 'n pragtige illustrasie van hierdie skaarse boksoort gemaak.

Die bloubok het reeds teen die einde van die 18de eeu verdwyn.[2] Anders Sparrman, die Sweedse wetenskaplike het in 1775 eksemplare van hierdie boksoort na Swede gestuur. Ook Daniell het 'n uitbeelding van die uitgestorwe speci gemaak.

Die swartwildebees het in die vroeë werke onder die naam Gnu of Gnoo gegaan en kom nogal dikwels voor in die werke van die vroeë kunstenaars. Hierdie diersoort is meermale alleenstaande uitgebeeld. Baines het 'n goeie atmosferiese skildery van die swartwildebees in 'n eensame doodstemming gemaak.[3]

Die jagters soos Bell, Cumming en Anderson het meer klem gelê op die uitbeelding van die grootwild soos die olifant, seekoei of renoster. Sommige van hulle het dan ook in hierdie illustrasies die tipies oordrewe „jagtersverhale" weergegee.

Natuur-geskiedkundiges wou hul versamelings so volledig moontlik maak en het natuurlik meeste van ons wildediere in hul werke weergegee.

Daar is sommige diere wat veel meer uitgebeeld is as andere; sommige omdat hulle so volop was; sommige omdat hulle die mikpunt van die grootwildjagter was; en andere miskien weer deur hulle aantreklike voorkoms of besondere eienaardighede. Byvoorbeeld die sebra of kameelperd. Ons vind hoogstaande kunsstukke sowel as swak uitbeeldings, maar die versamelings wat hierdie vroeë kunstenaars, wetenskaplikes, reisigers en jagters vir ons nagelaat het, is as Africana van onskatbare waarde.

## *DIE SUID-AFRIKAANSE WILDEDIER IN DIE ILLUSTREERKUNS VAN DIE TWINTIGSTE EEU*

DIE kuns van die twintigste eeuse illustreerders van die wildedier verskil baie van dié voor 1900. In die werke van vandag vind ons baie meer beweging en aksie teenoor die vroeëre meer statiese uitbeeldings.

Voordat ons daartoe oorgaan om die 20ste eeuse illustreerders te bespreek, moet die naam van die kunstenaar John Guille Millais hier genoem word, wat gedurende 1893 vir 'n kort tydjie in Suid-Afrika was. Hy het sy ondervindings te boek gestel, uitstekend geïllustreer en onder die naam „A breath from the Veldt" in 1899 uitgegee.

Die 20ste eeu begin met Hans Anton Aschenborn wat feitlik sy hele lewe aan die veld en diere van Suid-Afrika geskenk het; veral aan sy geliefde Suidwes-Afrika. Sy lewe was in hierdie opsig veelbewoë. Hy is deur die noodlot uit Suid-Afrika gedryf en kon nooit weer terugkeer nie. Sy hele lewe het hy na ‚sy' Suidwes verlang — 'n verlange wat in menige van sy diere-skilderye en -illustrasies skryend uitroep.

(3) Nr. 21, Argief Pretoria.
(2) Dr. Austin Roberts: The Mammals of South Africa; bl. 3'2.

Aschenborn het naby die honderd boeke met Afrikaanse tekeninge geïllustreer en het self verskeie boeke asook opstelle in tydskrifte gepubliseer.

Van sy laaste opstelle wat 'n liefdevolle skets van Afrikaanse diere in woord en beeld gee, verskyn in „Westermann's Monatshefte", Jaargang 76. Dit word geïllustreer deur nege gekleurde reproduksies, o.a. „Olifante wat Bad", „Die Swarte Duiwel" en „Spelende Luiperde". In laasgenoemde werk word 'n gevoel van lenig- en sluheid deur die komposisie en kleur gesuggereer. In meeste van hierdie werke kan ons die kunstenaar se groot heimwee na Suid-Afrika se wye sonnige velde en wildediere aanvoel.

Ander treffende illustrasies van die kunstenaar vind ons in die boekie „Mardadi" asook die verhaal „Uit die lewe van 'n Gemsbok", wat in Die Huisgenoot van Maart 1921 verskyn het. Beide verhale is deur homself geskryf. Verder is daar nog meer van sy werke in die bekende boek „Uit Oerwoud en Vlakte", deur Sangiro, te sien.

Wat uit al Aschenborn se werk opval, hetsy dit tekening, litografie, houtsnee of skildery is, is die groot illustrerende krag wat die verskillende stukke besit.

Die diere-illustreerder ds. P. J. Smit het eers op 40-jarige leeftyd in 1903 na Suid-Afrika gekom. Op jeugdige ouderdom het hy begin as natuurhistoriese kunstenaar in die Britse Museum te Londen. Hier het hy ook van die bekendste boeke geïllustreer, onder andere werke soos „The Royal Natural History", in 12 volumes, en „The Mammals of Egypt" deur dr. Anderson.

Later in Suid-Afrika het Smit verskillende werke geïllustreer, bv. dr. Austin Roberts se bekende boek „Mammals of South Africa". Alhoewel die voorbeelde van die diere hierin effens te klein is om die kunstigheid daarvan werklik te kan waardeer, is dit tog 'n goeie voorbeeld van die kunstenaar se illustrerende aanleg.

Die kunstenaar, Edward Caldwell, het saam met sir Percy Fitzpatrick, skrywer van „Jock of the Bushveld", vir 'n kort periode na Suid-Afrika gekom.

„No book has ever been more happily illustrated than *Jock of the Bushveld*".(4)

Dit het Caldwell 'n goeie kans gegee om allerlei plante, insekte en kleiner en groter diersoorte te skets en van nader te leer ken. Van dié sketse het hy dan later finaal in illustrasies vir die bekende „Jock" omgewerk.

Caldwell het ook nog 'n ander boek „African Nature Notes and Reminiscences", deur F. C. Selous, baie kunstig geïllustreer.

Astley Maberly het vandag as illustreerder van Suid-Afrikaanse wildediere baie bekendheid verwerf. In werklikheid het Maberly vele jare van sy lewe aan die studie van diere en voëls in hulle natuurlike staat gewy. Die kennis wat hy hier opgedoen het word duidelik in sy lewendige illustrasies en sketse weerspieël.

Sy eerste groot illustrasie-opdrag was die boek van Harry Wolhuter „Memories of a Game Ranger", wat in 1948 verskyn het. Hierdie boek is opgevolg

(4) H. V. Morton: In Search of South Africa, bl. 331.

deur „Call of the Bushveld" deur A. C. White en ook 'n gids vir die Wildtuin, genoem „Animals of Kruger National Park", deur die kunstenaar self opgestel en geïllustreer. Met nog 'n aantal ander boeke soos „The Ivory Trail" en „Storm Over the Transvaal", beide deur T. V. Bulpin en „Always Lightly Tread" deur E. Cronjé, toon Maberly duidelik dat hy onder die beste van ons hedendaagse illustreerders tel.

Die illustrasie van die wildediere hang in 'n groot mate saam met die boeke wat verskyn oor die Suid-Afrikaanse dier.

### *WALTER BATTISS, ZAKKIE ELOFF EN ANDERE*

IN teenstelling met die vroeëre meer wetenskaplike en illustratiewe weergawes van die skilderkuns van kunstenaars wat die wildedier voor 1900 uitgebeeld het, vind ons vandag 'n meer persoonlike benadering van hierdie onderwerp. Vroeër is die leeu, olifant, renoster of bok geskiet, gemeet, geteken en daarna afgeslag. Dit was almal studies om meer kennis omtrent die toe minder bekende diereryk van ons land te help versamel. Ons kunstenaars van vandag ken hierdie diere. Hulle weergawes is dus meer 'n uiting van hul eie gevoelens en indrukke. Dit is meer 'n moderne kunssiening; en dit gaan beslis om die kuns self.



*Walter Battiss: „The Young Fawn".*


In Walter Battiss en Zakkie Eloff se werke het die wildedier-skildering iets nuuts geword: iets eie aan Suid-Afrika.

Walter Battiss, een van die mees dinamiese kragte op die gebied van skilderkuns in Suid-Afrika en ook een van die grootste rebelle onder die reaksionêres,[5] se simboliese weergawe van ons land se wildediere is deur sy intieme aanraking met die prehistoriese werk en Boesmankuns in hierdie opsig baie versterk.

Sy diereskildering dateer eintlik meer uit 'n vroeëre periode; meer uit die dae toe hy nog die honderde Boesmanskilderye gaan kopieer het. Hierdie ou kuns het 'n groot invloed op sy skildertrant gehad. As voorbeeld hiervan merk ons duidelik die gebruik wat hy van Boesman-groepvoorstellings in sy eie samestellings maak, veral waar dit op sy diere-voorstellings betrekking het. Daar word hier dan ook nie ag op perspektief geslaan nie, maar die komposisie en indruk as geheel is baie lewendig.

'n Ander voorbeeld van hierdie invloed is die sterk simboliese siening wat ons in Battiss se werk aantref. Hier kan ons net dink aan die interessante

(5) Prof. dr. H. M. van der Westhuysen: Walter Battiss as Kunstenaar; Die Brandwag, Vrydag 21 April 1950.



*Zakkie Eloff: Rustelose Ritme.*



*Zakkie Eloff: Impalas.*

komposisie van die „Ewige Paleis", wat in die Kunsmuseum in Johannesburg is. 'n Ewigheid word hier gesuggereer, waar menige oermenslike figure en verskillende diersoorte oral op die rotsblokke aangetref word.

Die simboliese waarde van Battiss se werk word nog sterker uitgedruk in die werk „The Young Fawn", waarvan 'n voorbeeld hier weergegee word. Dit is 'n sterk liniêre weergawe van twee menslike figure, waarvan een 'n jong bok in die arms hou. Die grondliggende verwantskap tussen mens en dier, wat so 'n groot rol in die Boesmankuns speel, word hier treffend gesuggereer.

Ander goeie voorbeelde is die muurskildery „Fauna van Pretoria, 1855", wat tans in die Stadsaal te Pretoria te sien is en ook die gestileerde, simboliese werke in sy bundel „Fragments of Africa".

Battiss se jongste werk neig na die half en soms heeltemal abstrakte; en varieer vandag van helderkleurige patrone, soos ons in sy serie „Flames of Africa" kan sien, tot minder kleurige abstrakte werke wat een- of tweekleurig is. Hiermee breek hy feitlik heeltemal weg van sy skildering van die wildedier.

Zakkie Eloff, vandag seker die grootste skilder van die wildedier in die Suid-Afrikaanse skilderkuns, is iemand vir wie ons veld en wildediere 'n onweerstaanbare roepstem het. Daar is eenkeer van Eloff se werk gesê, dat hy van ons land se grootste waardes, naamlik die sonlig en die wildediere, in sy doeke vaslê.

Die kunstenaar se werke is doeke wat almal met die Suid-Afrikaanse veld vibreer. In meeste van hulle sien ons die dier in sy natuurlike omgewing waarin die sonlig en kleure van ons bosveld en vlaktes verbeeld is. Die doeke van sebras, leeus, verskillende boksoorte, wildebeeste, volstruise, tarentale en ander kleiner diersoorte soos die nagapie, die ystervark en nog veel meer, maak 'n vrolike en vrye indruk op die toeskouer. In sy werke vind ons opregte liefde en intieme kennis van die kunstenaar vir sy onderwerp.

Zakkie het tot nog toe elf selfstandige uitstallings gehou en aan 'n verdere vyf groep-uitstallings deelgeneem. Twee hoogtepunte op die uitstalling in Pretoria gedurende 1956, net voordat Zakkie na Europa vertrek het vir 'n 18 maande studietoer, was seker sy baie bekende „Impalas" en die „Drama in die Mielieland". Zakkie is beskryf as . . . „the master of the palet knife, . . . who brings out form in such strong and mysteriously elusive work as Impalas".[6]

In meeste van sy werke ontbreek die intellektuele siening; Zakkie se weergawes is meer die emosionele, die warme gevoel wat uit sy hart opborrel. Sy werke en uitstallings van die toekoms sal 'n gebeure wees waarna kunssowel as natuurliefhebbers kan uitsien.

'n Baie interessante en ook eienaardige feit is dat die bekende Suid-Afrikaanse skilder, Gordon Vorster, wie eintlik al die jare in die veld deurgebring het, nou eers die wildedier as tema in sy doeke begin verbeeld.

(6) The Artist, April, 1957, Vol. 53, No. 2, reproduksie.



*Gordon Vorster: Uittrekkende Elande.*

Hy beskou hierdie diere-uitbeeldings van hom as 'n terugkeer na die realisme en het met sy skildery „Herd of Zebras" die tweede prys in die Artists of Fame and Promise Exhibition van 1959 verower.

'n Ander kunstenaar, baie veelsydig van aard, wie ook verskillende wildedier-skilderye in waterverf gemaak het, is die Johannesburgse artiest Simon Hodge.

Ten slotte is daar die wildevoël-skilder, H. von Michaëlis, van Somerset-Wes in die Kaap. Sy wildedier-uitbeelding, maak maar een van baie onderwerpe vir sy kuns uit.

## *DIE WILDEDIER AS MOTIEF IN DIE TOEGEPASTE TEGNIEKE VAN DIE SKILDERKUNS*

VREEMDE benaderings van die wildedier as onderwerp in die kuns vind ons by verskillende kunstenaars in Suid-Afrika.

As ons Elly Holm se leiklipwerk sien, voel ons gou daarin 'n tipies Suid-Afrikaanse atmosfeer aan. Dit is 'n produk wat voortspruit en sy krag vind in die kombinasie van 'n tipies Suid-Afrikaanse tema, die wildedier en ook 'n Suid-Afrikaanse medium, leiklip. Die kunstenares beitel deur die verskillende lae van die Magaliesberg-leiklippe, om met behulp van die natuurlike vorm en kleur daarvan haar dierelewe te skep. Elly Holm se uitbeeldings gee 'n gemaklike losse beweging op die harde klip en het die spontane voorkoms van 'n houtskool-skets.

Haar soort kuns vind hier in die land van sy ontstaan groot waardering en het reeds wyd versprei geraak.

By Dieter Aschenborn, die Suidwes-kunstenaar, tref ons 'n vreemde benaderingswyse van die wildedier aan. Alhoewel Dieter veel werke in die gewone mediums doen, het hy gedurende 1955 en 1956 met 'n nuwe tegniek voor die dag gekom, naamlik die uitbeelding van wildediere op hul eie velle. Hy laat vir hom die springbok- en koedoevelle deur 'n spesiale proses brei. Die harige kant van die velle word as skilderoppervlakte gebruik en dikwels is fyn haartjies op die skildery waarneembaar. Hierdie skilderytjies is baie klein van formaat en die kunstenaar het al 'n paar honderd van hulle voltooi.

As houtsnyer het Dieter deur die hele Suid-Afrika roem verwerf. Hierin is sy geliefde onderwerp weer eens die wildediere van ons land.

Bernard Sargent wie eintlik 'n ontwerpkunstenaar is, se ander groot liefde is die teken en skilder van wildediere. Hy bewonder die onbewuste grasieusheid van die verskillende diere en probeer dít dan in sy uitbeeldings vasgryp. Die kunstenaar verkies pastel vir hierdie diere-„ontwerpe".

Sargent het sy eerste ontwerp met 'n diermotief in 1949 op drie plakkate vir die Suid-Afrikaanse Toeriste-Buro gemaak. Sy werk is meer teken-ontwerpe as wat dit skilderye is; 'n vreemde benaderingswyse wat tog baie geslaagd is.

Erich Mayer, die bekende Suid-Afrikaanse landskapskilder, het die wildedier-tema slegs by die toegepaste kunste van mat- en teëlontwerpe gebruik. Die



*Erich Mayer: Tapytontwerp.*

hooftema in sy matontwerpe is in die meeste gevalle een of ander gestileerde boksoort. Die kunstenaar het ook ontwerpe vir teëls gedoen, maar het hom egter nie baie daarop toegelê nie.

Die Johannesburgse kunstenaar William Papas het op versoek van die Suid-Afrikaanse Toeriste-Korporasie 'n aantal waterverf-illustrasies gemaak wat wildediere tot tema het en wat vir advertensiedoeleindes gebruik word.

Alhoewel die wildedier-tema hom uitstekend leen vir baie van hierdie toegepaste tegnieke, soos ons by die vorige paar kunstenaars duidelik kon sien in die gebruik van lei, teëls, matte, geweefde doeke, ontwerpplakkate, reliëfwerke en nog baie ander, is dit tog eienaardig dat daar in hierdie land met sy diereryk nie meer van hierdie onderwerp gebruik gemaak is nie.

As ons nou in hooflyne die algemene beeld van die belangstelling in die wildedier-motief, soos dit hom in Suid-Afrika deur die eeue openbaar het, probeer navolg, val dit ons gou op watter klein persentasie van die blanke kunstenaars vanaf die vroegste jare in Suid-Afrika hierdie onderwerp uitgebeeld het. Uit 'n goeie 400 kunstenaars van voor 1875 soos aangegee deur Gordon Brown in sy boek „Pictorial Art in South Africa", is daar slegs 28 persone wat werklike skilders van die wildedier genoem kan word. Van minstens net so 'n groot aantal kunstenaars vanaf 1875 tot vandag is daar verhoudelik gesproke 'n nog kleiner aantal wie se werk in die onderwerp voorkom. Tog sou dit foutief wees om daaruit af te lei, dat die wildedier-motief in die kuns van minder belang geword het. Vroeër is die dier nóg deur wetenskaplikes nóg deur jagters om suiwer estetiese redes geskets of geteken. Vandag het die outydse jagter so te sê verdwyn; terwyl die natuurwetenskaplike, gewapen is meestal met sy kamera toegerus met fyn toebehore, sodat hy meer eksakte metodes ontwerp het om sy aanskoulike gegewens te versamel. Daarteenoor

het die wesenlike kunstenaar van ons tyd die wildedier as 'n lewende natuurmotief ontdek as draer van vorm wat hy esteties as onderwerp kan aanwend om die wonder van daardie vorm, om die beweeglike ritme en karakter daarvan in lyn en kleur en vlak uit te beeld soos hy dit aanvoel in ons veldlewe of soos hy dit leer ken in dieper verband — die dier as simbool van 'n eiesoortige werklikheid en tog deel van een groot allesomvattende bestaan.

Afgesien van watter styl ook toegepas word, was eerlikheid van bedoeling tog alle eeue deur 'n essensiële eienskap van alle goeie kuns. In hierdie opsig kwalifiseer die werk van die prehistoriese mens en Boesman waar hulle die wildedier uitbeeld, wel as goeie kuns.

Uit hierdie ondersoek blyk ook dat sommige van die wildediere bo ander as onderwerpe deur kunstenaars verkies is. Die sebra neem byvoorbeeld 'n unieke plek in as onderwerp in kunswerke vanaf die allervroegste tye tot in die hedendaagse kuns soos by Zakkie Eloff, Dieter Aschenborn, Elly Holm en ander. Dieselfde algemene belangstelling vind ons, alhoewel in mindere mate, ten opsigte van die kameelperd. Die rede vir die belangstelling kan waarskynlik gesoek word in die opvallende kleurpatroon en vorm van die betrokke diere.



*Bernard Sargent: Velvet Monkey.*

Ons kan die gevolgtrekking maak, dat in die aanwending van die wildedier as motief, ons die mees deurlopende reeks werke in ons Suid-Afrikaanse kunslewe het, wat in algemene deursnit die volledigste beeld gee vanuit die gryse verlede tot hede, sowel van die stand en aard asook ontwikkeling van die beeldende kuns in Suid-Afrika. Dit is beslis te voorsien dat die wildedier-motief nog lank nie uitgeput is nie en in die toekoms steeds meer aandag in ons Suid-Afrikaanse kuns sal kan kry.